# Lesing 26.06.2018 - DEEL 37 - Die belofte van alle Verbonde - DIE GEES

Die boekrol van Rut

**Rut 2:1** EN Naómi het 'n **bloedverwant** gehad van haar man se kant, 'n vermoënde man, uit die familie van EliMeleg, wie se naam Boas (***innerlike krag***) was.

2:2 En Rut, die Moabitiese, het vir Naómi gesê: Laat ek tog die Aarde **ingaan en are optel** agter dié een in wie se oë ek guns sal vind. Toe antwoord sy haar: Gaan, my dogter.

2:3 Daarop het sy heengegaan, en gekom en are opgetel op die land agter die snyers. En toe kom sy op 'n stuk **land af wat behoort aan Boas**, uit die familie van EliMeleg.

2:4 En Boas het **juis van Betlehem af gekom** en aan die snyers gesê: Mag JaHWeH met julle wees! En hulle het hom geantwoord: Mag JaHWeH u seën!

2:5 Daarop sê Boas aan sy dienaar, die opsigter oor die snyers: Van wie is hierdie jong vrou?

2:6 En die dienaar, die opsigter oor die snyers, antwoord en sê: Dit is die jong Moabitiese vrou wat saam met Naómi uit die veld van Moab teruggekom het;

**[*Sy is die TROOSTER Dogter wat saam met Haar MOEDER WYSHEID uit die gevalle ryk van Lucifer kom.* (**_my woorde_**)]**

2:7 en sy het gesê: Kan ek maar **are optel** en insamel by die gerwe agter die snyers? Sy het toe gekom en gebly van vanmôre af tot nou toe; sy het maar min daar in die huis gesit.

[*Mat_3:12 Sy skop is in Sy Hand, en Hy sal Sy dorsvloer deur en deur skoonmaak en* ***Sy koring in die skuur saambring,*** *maar die kaf sal Hy met onuitbluslike vuur verbrand. [Thomas 12:1]*]

2:8 Toe sê Boas vir Rut: Luister tog, my dogter: jy **moenie op 'n ander land gaan are** optel nie, en jy mag ook nie hiervandaan weggaan nie, maar jy moet jou by my diensmeisies aansluit. [Spreuke van Salomo 9:1-3]

2:9 Met die oë op die land wat hulle afsny, moet jy agter hulle aan loop. Het ek die dienaars nie bevel gegee om jou nie aan te raak nie? En as jy dors het, **gaan dan na die kanne en drink** van wat die dienaars skep.

2:10 Toe val sy op haar aangesig en buig na die Aarde toe en sê vir hom: Waarom het ek guns in u oë gevind, dat u in my belang stel **alhoewel ek 'n uitlander** is?

2:11 En Boas antwoord en sê vir haar: Aan my is alles omstandig vertel wat jy aan jou skoonmoeder gedoen het na die dood van jou man, en **dat jy jou vader en jou moeder en jou Aarde van geboorte verlaat het en na 'n volk getrek het wat jy gister en eergister nie geken het nie.**

2:12 Mag JaHWeH jou daad beloon, en mag jou loon volkome wees van JaHWeH, die Elohey van JisraEl, **onder wie se Vleuels** jy kom skuil het.

2:13 Toe sê sy: So vind ek dan guns in u oë, my meester! Want **u het my getroos** en na die hart van u dienares gespreek, alhoewel **ek nie soos een van u dienaresse is nie.**

*[Spreuke 9:1 DIE Wysheid het Haar Huis gebou, Haar sewe Pilare uitgekap, [Openbaring van Henog 11:40]*

*9:2 Haar slagvee geslag, Haar wyn gemeng, ook Haar tafel gedek.*

*9:3 Sy het Haar Diensmeisies uitgestuur, Sy nooi uit op die hange van die verhewe plekke van die Stad:]*